## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM en Oggend-Seminaar

"Geskiedenis van die Bybel" — 21 Julie 2012
Ons hervat ACIM op 26 Julie 2012
Bespreek by Terblanche

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________________________

**E-Mail**______________________________ **Sel**____________________

**Woonadres**

______________________________________________

## HOE ONS MEKAAR KAN HELP

**Bediening** ______________________________

**Voorstelle** ______________________________

**Besoek asb** ______________________________

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |



# Neo-Spektrum

## 15 Julie 2012

## Amazing Technicolor Coat called Love

## Die Koninkryk is IN julle

## STILTE IN DIE KAPEL

Piano Concerto No2 In Bb (Adagio) ~ Beethoven

## VERWELKOMING & AFKONDIGINGS

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

**Jy kom na die huis van Lewe**
**wat het jy vir ons saamgebring?**

Ek is altyd by jou,
jy sal in aller ewigheid nooit sterf nie
en jou siel sal nooit uitgevee word nie.
Ek bring vir jou lewe,
geluk in jou dag van nood
Ek gee vir jou rus
hou op bang wees
hou op kwaad wees —
my goeie vriend
jy het gekom na die een wat jou dra
na die een wat jou skat is
na die een wat na jou verlang …
Ek maak jou die toesighouer van my skat
Ek gee vir jou die sleutels van die waarheid
om deur wêreld te reis soos een wat vervul is,
my kind — jy het gesoek en gevind!

## STILTE VAN BUITE

~ Violin Sonata No. 5 In F Major — Beethoven ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

**LUKAS 17:20-21 (1933 VERTALING):** EN toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; **want die koninkryk van God is BINNE-IN julle.**

Hemel is nie 'n plek nie — hemel is waar ons <u>onthou</u> dat niks en niemand ons ooit van God kan skei nie — hemel is waar ons <u>kies</u> vir liefde bo vrees — hemel is 'a state of mindfulness where we <u>surrender</u> to our brighter self.

**1 Petrus 2:2-5; 9-10—**Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei *en die saligheid verkry* **(if you have tasted the kindness of God)** [3]Julle het immers ondervind dat die Here goed is. [4]Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. [5]Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees — [9]Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. [10]Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ont-vang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

### 1. DIE BEELD VAN 'N PASGEBORE BABA

Net so nodig as wat ons as babas melk nodig het om te oorleef, het ons ook vaste kos nodig om tot volwassenes te groei. Ons bly nie net afhanklik nie ...

### 2. DIE BEELD VAN 'N LEWENDE STEEN

'n Lewende steen staan in kontras met 'n dooie steen. 'n Dooie steen is goed vir niks. 'n Steen des aanstoots. 'n Lewende steen is plooibaar, 'n hoeksteen.

### 3. DIE BEELD VAN 'N KONINKLIKE ADELDOM

Nie regeer en beheer nie; nie op 'n troon met onderdane nie maar refleksies van hierdie koninkryk wat IN **ons is** sodat ons die koninkryk vir ander WORD.

Jesus het gesê: 'as julle leiers vir julle sê: 'kyk die **Koninkryk van God** is in die hemel' sal die voëls van die hemel julle vooruitgaan. As hulle sê: 'dit is in die see' sal die visse julle vooruitgaan. Maar die Koninkryk van God is **<u>in julle</u>** en **<u>buite julle</u>**. As julle julself ken, sal julle dit weet en sal julle verstaan dat julle kinders van die Lewende God is. Maar as julle nie julself ken nie, leef julle in armoede en is julle in armoede. **(Evangelie van Tomas)**

# FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ Violin Concerto in D Major — Beethoven ~

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Mag die Lig van Sy liefde*
*in jou lewe skyn,*
*Mag die Lig van Sy liefde*
*elke dag met jou wees,*
*Mag die Lig van Sy liefde*
*jou herinner dat jy één is met God*
*Mag die Lig van Sy liefde*
*vir jou die hoop gee van 'n groter prentjie*
*Mag die Lig van Sy liefde*
*vir jou 'n nuwe seisoen laat aanbreek*
*Mag die Lig van Sy liefde*
*aan jou die vlerke van Heilige engele gee*
*Mag die Lig van Sy liefde*
*jou en jou huis seën*
*~ Amen ~*

## AS ONS UITSTAP

Piano Concerto No5 'Emperor' (Adagio) — Beethoven

*Op hierdie spesiale dag wil ek uit my hart dankie sê aan elkeen van julle. Dankie vir die liefde die laaste jaar; die ondersteuning en aanmoediging. Dankie vir elkeen wat Sondae in ons sirkels of by ons byeenkomste soos ACIM of gespreksgroepe oor temas 'n bydrae maak tot my eie verryking en spirituele groei. Dankie vir elke vreemdeling wat hier kom besoek aflê het en 'n vriend geword het. Dankie vir elke mooi epos en sms wat soos blomme op my tafel staan maar dankie ook vir elke ver-maning en advies om ons Wysheidsirkel op 'n nog beter manier die liefde van God te reflekteer. Dit word opreg waardeer en dit is met opgewonde ontvanklikheid en waardering dat ek die volgende jaar tegemoet gaan. Met baie liefde: Terblanche ♥*